

29 April

Skrifgedeelte: Deuteronomium 24:6-17 (1933/53-vertaling)
Fokusgedeelte: Deuteronomium 24:16

God eis persoonlike verantwoording

Moses was besig om die Here se wil aan die volk Israel bekend te maak (Deut. 1:5; 29:1). Wat verwag die Here van hulle as verbondsvolk? In hoofstuk 5 herhaal Moses weer die Here se wet soos die eerste keer by die berg Horeb. Maar hy het ook die Here se wil in 'n klomp ander sake bekendgemaak. Die volk Israel het aan die Here behoort. Hulle moes goed op hulleself en op hulle optrede let.

Hulle swerftog van 40 jaar deur die woestyn was voltooi. Die Here se straf oor hulle ongehoorsaamheid was verby. Nou was hulle gereed om die Beloofde Land binne te trek. Maar eers moes hulle weer die Here se eise hoor.

Dit was tyd vir 'n nuwe begin. Hulle moes hulle opnuut tot God bekeer deur aan Hom alleen gehoorsaam te wees. Die Here het ook aan hulle as sy kinders bepaalde opdragte gegee. Uit dankbare liefde en met oorgegewe harte moes hulle in gehoorsaamheid die eise van hulle hemelse Vader uitvoer. As hulle aan Hom gehoorsaam was, sou Hy hulle as verbondsvolk seën. As hulle ongehoorsaam was, sou Hy hulle straf.

Wat in vers 16 na vore kom, is dat elkeen vir sy eie optrede verantwoording sal doen. Die Here straf nie onregverdig nie (Jer. 31:29). Hy straf die een wat sondig. Daarom, in regsake (vgl. Deut. 24:16-17), moet kinders nie vir hulle ouers se sondes gestraf word nie. Onder die heidene het die verkeerde gebruik bestaan dat kinders wel gestraf is wanneer hulle ouers oortree het. Alleen God mag (anders as mense tydens regsake) wel in sy vrymag en alwetendheid besluit om ook kinders vanweë hulle ouers se sonde te straf (vgl. Deut. 13:13-17; Jos. 7:24).

As gelowiges staan ons as kinders voor die Here. En elkeen van ons moet opnuut God se eise aan ons besef. Aan Hom alleen gee ek uiteindelik rekenskap. En Hy is 'n regverdige Regter.

Sing: Psalm 65:2, 3

Dr. JH (Jac) Howell (Die Kandelaar)